NOTULE VAN ’N BUITENGEWONE SINODE VAN DIE NG KERK WES-TRANSVAAL IN SITTING BY DIE TUISTE VAN DIE SINODE TE NG KERK HELIKONPARK IN RANDFONTEIN OP 19 NOVEMBER 2015 OM 9:00

SESSIE 1

1. REGISTRASIE EN VERVERSINGS
Al die Streke se afgevaardigdes registreer by die vier verskillende registrasie punte.

2. SAMESANG
Ds. Irma van Rensburg verwelkom al die afgevaardigdes. Die vergadering sing die volgende lofliedere:

1. *Lied 280*
2. *Psalm 23 (Totius-beryming)*
3. *Groenboek – keurspel*
4. *Lied 200*

Ds. Irma van Rensburg steek die Christuskers aan terwyl die vergadering die samesang afsluit met *Abba Vader*

3. OPENING
Ds. Norma Rossouw praat oor Jesaja 49 as roepingsteks en praat oor haar roeping en passie vir die evangelie en die Kerk. Sy herinner elkeen teenwoordig dat ons almal ‘n roeping het.
Die vergadering dink oor die vraag: *Hoekom is ek hier?* en sing *Lied 358*.
Ds. Norma Rossouw lees uit Lukas 2 en praat oor:
- Hoe het Maria gevoel oor haar swangerskap;
- Wat het Josef gedink oor sy swanger verloofde.
- En dan: Hoe sien God Kersfees?

4. KONSTITUERING (Art 33)
Ds. Nico van Rensburg neem die konstituering waar. Daar is **260** afgevaardigdes teenwoordig. Presensielys aangeheg as **BYLAAG A**. Die vergadering word wettig gekonstitueer verklaar. (Bepaling 34.3)
Dr Willie Potgieter word spesiaal welkom geheet.

5. INLIGTING N.A.V. ASM EN ATR VERGADERINGE
Dr. Hannes de Kock hanteer die dokument *Kerkregtelike posisie op 19 November 2015* aangeheg as **BYLAAG B.**

6. ONS PLEK IN DIE ROL VAN DIE KERKVERBAND
Ds. Nico van Rensburg lei die gesprek in.
Moet ons kerkverband herdefinieer en nuut dink oor wie ons is?

- Daar is geleentheid vir tafelgesprekke rondom die Sinode van Wes-Transvaal se verband binne die breër verbintenis met die Algemene Sinode.

Ds. Norma Rossouw wens vir Di. Nico van Rensburg en Sumari Redelinghuys geluk met hulle verjaarsdae en die vergadering sing vir hulle Psalm 145.

VERGADERING VERDAAG OM 11:30 VIR TEE

VERGADERING HERVAT WEER OM 12:00

SESSIE 2

Ds. Norma Rossouw hou die volgende 7 voorstelle aan die vergadering voor.

VOORSTEL 2
Aanbeveling

Die Sinode besluit om 'n Kommissie saam te stel om 'n deeglike ondersoek te doen na alle aspekte van die kerkverband. Die volgende sake moet aandag geniet:

1. Die huidige kerkverband? Voldoen dit aan die verwagtinge en behoeftes van die Algemene Sinode kerkverband – sinodes, ringe en Kerkrade.
2. Wat is tans die posisie van die kerkverband ten opsigte van die reël en hantering van die Algemene Sinode? Hier onder ressorteer die volgende, die frekwensie van die sittings van die Algemene Sinode, die posisie van die moderator van die sinode en die ASM. Die grootte van die afvaardiging na die sittings van die Algemene Sinode.
3. Wat word verwag van die kerkverband? 'n Familie – hoe moet dit funksioneer.
4. Wat is die kerkraad se funksie binne hierdie verband?
5. Hoe word besluite wat van bo af kom deur die kerkraad hanteer?
6. 'n Deeglike uiteensetting van 'n sinode kontrakta en 'n sinode plena. Onder andere ook die voor- en nadele van elke so 'n sinode.
7. Die bekostigbaarheid van so 'n sinode.

Die kommissie moet so spoedig as moontlik vergader en mag lede ko-opteer.

Die kommissie moet gereeld verslag van vordering na die SBK voorlê.

Die kommissie se finale verslag moet nie later as 19 Julie 2016 by die Skriba van die Sinode ingedien word nie. 'n Laat verslag moet ten alle koste vermy word. Dit word gedoen sodat die Sinode Wes-Transvaal op 19 Oktober 2016 'n duidelike en volledige versoek aan die Algemene Sinode in sitting in Oktober 2017 betyds kan besorg.

VOORSTELLER: Ds. Japie du Plessis
SEKONDANT: Dr. Grant du Plessis

VOORSTEL 3 [Sal dien saam Voorstel 2]
Aanbeveling

Ek stel voor dat ons so 'n stelsel ontwerp wat die Algemene Sinode verbied om standpunte in te neem en besluite te neem oor sake wat nie eers deeglik by die gemeentes bespreek is en oor gestem is nie. Moet ook seker maak ons werk saam met groepe wat die hele woord van God aanvaar.

VOORSTELLER: D.J Muller
SEKONDANT: J Ras

VOORSTEL 4 [Sal dien saam Voorstel 2]
Aanbeveling

Na aanleiding van Ds. Nico van Rensburg se pleidooi vir ruimhuis besluite: Vir my is dit verontrustend dat leiers van die NG Kerk met die Bybel as riglyn en baie teologiese kennis tot hulle beskikking nie in staat is nie of dalk te bang is om besluite oor omstrede kwessies soos Belhar en selfdegeslagverhoudings kan neem nie. Is dit uit vrees vir skeuring of verlies van lidmate?

VOORSTELLER: Johan Ras
SEKONDANT: D.J Muller

VOORSTEL 5
Aanbeveling

Dat

1. Die sinode van Wes-Transvaal die AS se besluit oor selfdegeslagverhoudings nie kan aanvaar nie omdat dit in stryd met die Bybel, belydenisskrifte en Kerkorde is.

2. Die Sinode van Wes-Transvaal die AS se besluit oor Belhar nie kan aanvaar nie omdat dit in stryd is met die Kerkorde.
3. Die AS tydens 2017 'n duidelike besluit moet neem oor hoe die Bybel op 'n Gereformeerde manier gelees moet word.
4. Indien die AS nie die gereformeerde kerkreg in hulle besluitnemingsproses volg nie die sinode van Wes-Transvaal die band met die Algemene Sinode moet losmaak.
5. Dat die Sinode van Wes-Transvaal die verband met ander streeksinodes in ander kerke in gereformeerde oortuiging moet opsoek.

VOORSTELLER: C.J Swart
SEKONDANT: J. A. Jonker

VOORSTEL 6
Aanbeveling

Op grond van die bogenoemde regverdiging, voor God en in die lig van sy Woord, word dit voorgestel dat die Sinode van Wes-Transvaal Artikel 37 van die Kerkorde in werking stel, en uit die algemene sinodale verband tree, tot tyd en wyl die Algemene Sinode afsien van die nuwe hermeneutiek wat tot die bogenoemde besluite gelei het, en die besluit oor selfdegeslagverhoudings (2015) te herroep.

VOORSTELLER: Dr. D.J. Venter
SEKONDANT: Oudl. Louis Visser

VOORSTEL 7
Aanbeveling

Die Sinode van Wes-Transvaal versoek die AS om tydens sy eerskomende sitting in 2017 duidelikheid te gee oor:

1. Die posisie van gemeentes/ringe/sinodes wat nie meer veilig en tuis voel in die "ruimhuis"-benadering nie, omdat die huis só ruim geraak het dat die handhawing van Skrifgesag en die onderskrywing van die 3 Belydenisskrifte nie meer ononderhandelbaar is nie.
2. Is die "ruimhuis" ongekwalifiseerd sonder grense?

VOORSTELLER: J.P.D. Cornelius
SEKONDANT: F.D. Viljoen

VOORSTEL 8
Aanbeveling

Daar moet herbesin word oor die regte, verantwoordelikhede en verpligtinge van afgevaardigdes na 'n hoër vergadering (Ring/ Sinode/ Algemene Sinode) met betrekking tot die sturende vergadering se opdragte en besluite met aansluiting by die Kerkorde.

VOORSTELLER: A.P. van Zyl
SEKONDANT: Dr. J.J.C. Schulz

- Ds. Norma Rossouw stel voor dat die voorstellers en sekondante van voorstel 2, 3, 4, 7, 8 tydens middagete saam vergader en hulle voorstelle kompileer.
Die voorstellers en sekondante van voorstel 5 en 6 sal ook saamkom en hulle voorstelle kompileer.
Die voorstellers en sekondante van voorstelle 9-14 word ook gevra om saam te kom.

- Ds. Johan Brink lees Filippense 1:9 en Efesiërs 4:15
- Daar is geleentheid vir gebed rondom die tafels waartydens die vergadering vir die Here dankie sê vir reën in baie dele van die land.
- Die tafelgebed word deur ds. Gerhard Jansen van Rensburg gedoen.

PERSONEEL: Di. C.B. Kloppers en Sumari Redelinghuys van Muldersdrif verlaat die vergadering met verskoning om 13:30.

7. MIDDAGETE

VERGADERING VERDAAG OM 13:30 VIR MIDDAG-ETE

SESSIE 3

VERGADERING HERVAT WEER OM 14:15

Die vergadering begin die sessie deur die volgende liedere saam te sing:

1. *Psalm 23 (Totius-beryming)*
2. *Lied 219*

8. TAFELGESPREKKE OOR DIE N.G. KERK SE BELEID INSAKE SELFDEGESLAG VERHOUDINGE

Daar is geleentheid vir terugvoer vanaf die tafels.

9. DIE PAD VORENTOE ...

Die volgende voorstelle word aan die vergadering voorgehou insake Kerkverband.

Voorstelle 2-8 is gekompileer in die volgende voorstel:

VOORSTEL 23
Aanbeveling:

Die Sinode besluit om ’n kommissie saam te stel om ’n deeglike ondersoek te doen na alle aspekte van die kerkverband. Die volgende sake moet aandag geniet:
23.1. Die huidige kerkverband? Voldoen dit aan die verwagtinge en behoeftes van die Algemene Sinodale kerkverband – Sinodes, Ringe en Kerkrade.
23.2. Wat is tans die posisie van die kerkverband ten opsigte van die reël en hantering van die Algemene Sinode? Hier onder resporteer die volgende: Die frekwensie van die sittings van die Algemene Sinode, die posisie van die moderator van die Sinode en die ASM. Die grootte van die afvaardiging na die sittings van die Algemene Sinode.
23.3. Wat word verwag van die kerkverband? ‘n Familie – hoe moet dit funksioneer?
23.4. Wat is die kerkraad se funksie binne hierdie verband?
23.5. Hoe word besluite wat van meerdere vergaderings af kom deur ’n kerkraad hanteer?
23.6. ’n Deeglike uiteensetting van ’n Sinode kontrakta en ’n Sinode plena. Onder andere ook die voor- en nadele van elke so ’n Sinode.
23.7. Die bekostigbaarheid van so ’n Sinode.
23.8. Om aan te sluit by ons plek in die rol van die kerkverband, word voorgestel dat ons so ’n stelsel ontwerp wat die Algemene Sinode verbied om standpunte in te neem en besluite te neem oor sake wat nie eers deeglik by die gemeente bespreek is en oor gestem is nie. Ons moet ook seker maak ons werk saam met groepe wat die hele Woord van God aanvaar. (2 Tim. 3:16,17)
23.9.Daar moet herbesin word oor die regte, verantwoordelikhede en verpligtinge van afgevaardigdes na ’n meerdere vergadering (Ring/Sinode/Algemene Sinode) met betrekking tot die sturende vergadering se opdragte en besluite. Met aansluiting by die Kerkorde.

- Die kommissie moet so spoedig moontlik vergader en mag lede ko-opteer.
- Die kommissie moet gereeld verslag van vordering aan die SBK voorlê.
- Die kommissie se finale verslag moet nie later as 19 Julie 2016 by die Skriba van die Sinode ingedien word nie.
- ’n Laat verslag moet ten alle koste vermy word. Dit word gedoen sodat die Sinode Wes-Transvaal op 19 Oktober 2016 ’n duidelike en volledige versoek aan die Algemene Sinode in sitting in Oktober 2017 betyds kan besorg.
- Die kommissie bestaan uit die dagbestuur van die SBK, en twee lede uit elke streek.

VOORSTELLER: Ds. Japie du Plessis
SEKONDANT: Dr. M.J.G. du Plessis

GOEDGEKEUR

Die volgende voorstelle word aan die vergadering voorgehou insake selfdegeslagverhoudings.

VOORSTEL 22
Aanbeveling:

22.1 Die Sinode versoek dat alle kerklike vergaderinge in alle besluitnemingsprosesse die gereformeerde kerkreg beginsel sal toepas waarvolgens die Bybel as die hoogste gesag, die belydenisskrifte en die kerkorde in volgorde gehandhaaf word. **GOEDGEKEUR**
22.2 Die Sinode van Wes-Transvaal is diep besorg oor die nuwe hermeneutiek wat die gesag van die Skrif ondermyn en wat tans op die algemene sinode geakkommodeer word. **GOEDGEKEUR**
22.3. Dat SKLAS 'n gespreksdokument rondom gereformeerde hermeneutiek opstel wat teen 30 April 2016 na kerkrade en ringe deurgegee moet word vir bespreking en vir verdere bespreking op sinodale en algemene sinodale vlak. **GOEDGEKEUR**
22.4. Die Sinode neem kennis van artikel 37 van die kerkorde, en meen dat groter konsensus t.o.v. die hermeneutiek wat in die NG Kerk toepaslik is in die lig van artikel 37 dringend noodsaaklik is. **GOEDGEKEUR**
22.5. Die Sinode van Wes-Transvaal bevestig die nut van die 'ruimhuis' beginsel mits dit omgrens word deur die ononderhandelbare erkenning van die Bybel as die gesagvolle Woord van God en die onderskrywing van die Drie Formuliere van Enigheid. **GOEDGEKEUR**

VOORSTELLER: C.J. Swart
SEKONDANT: Dr. D.J.Venter

VOORSTEL 15
Aanbeveling:

Die Sinode herbevestig die gebruik van NGB2 as belydenis en vertrekpunt by Skrifuitleg (die skepping en die Woord van God). Die volgende punte moet verreken word:
1. Teologies-eksegeties wat sê die Woord?
2. Wat sê die Bybel oor selfdegeslagaangetrokkenheid?
3. Hoe spreek die Woord hom hermeneuties-juridies uit oor selfdegeslagverhouding?

VOORSTELLER: Ds. S.E. van Wyk
SEKONDANT: T.N. Venter
Hierdie voorstel word saamgevoeg by die opdrag by voorstel 25
GOEDGEKEUR

Verskeie ander voorstelle: Voorstelle 1, 9-14, 16,17,19 is deur die voorstellers en sekondante voor enige bespreking onttrek.

VOORSTEL 24
Aanbeveling:

Die Sinode van Wes-Transvaal
1. Bevestig dat die huwelik tussen man en vrou die enigste Bybelse model vir die huwelik is;
2. Neem kennis dat van 2 sterk uiteenlopende standpunte wat elkeen glo dit Bybels gegrond is
   a. Dat SGV nie Bybels toelaatbaar is nie en nie gesanksioneer mag word nie
   b. Dat SGV wel Bybels 'n ruimte kry in ons gebroke werklikheid.
3. As familie verbind ons ons tot 'n jaarlange gesamentlike proses waarin die wil van die Here hierin gesoek word in afhanklikheid van die Here op elke vlak van die lewe.

VOORSTELLER: Dr. Henk Gous
SEKONDANT: Prof. Johan Zaayman

Die vergadering stem per geslote stembrief en die voorstel word NIE GOEDGEKEUR nie.

Voorstelle 17,18,19,20 is gekompileer in die volgende voorstel:

VOORSTEL 25
Aanbeveling:

Die Sinode van Wes-Transvaal:
1. Aanvaar die Woord van God as gesaghebbend en leidinggewend vir die leer en lewe vir alle gelowiges (2 Tim 3:16)
2. Die Sinode aanvaar die menswaardigheid en gelykwaardigheid van alle mense en verbind haarself om met liefde en respek teenoor alle mense te leef.
3. Die Sinode van Wes-Transvaal herbevestig dat die Bybel verklaar dat die huwelik 'n heilige eenheid tussen een man en een vrou vir 'n lewenslange verbintenis is.
4. Die Sinode van Wes-Transvaal verklaar dat alle seksuele verhoudings buite die band van huwelik, nie Bybels verantwoord en aanvaar kan word nie.

VOORSTELLER: Neels de Jager
SEKONDANT: Poena van der Merwe

Die vergadering stem per geslote stembrief en die voorstel word goedgekeur.

GOEDGEKEUR

Ds Fanus Hansen van N.G. Potchefstroom-Oos vra dat dit genotuleer word dat sy teenstem aangeteken word by beide Voorstel 22 en 25.

10. BEDANKINGS

Dr. Andries Kritzinger doen die volgende bedankings:

- Aan al die sinodegangers;
- Al die lede van die SBK;
- Jan en Irma Nel en Hermien in die kantoor vir al hulle voorbereidings;
- Vir ds. Nico van Rensburg en Helikonpark-gemeente vir die infrastruktuur.

11. AFSLUITING

Ds. Johan Brink lees Johannes 6 en sluit af met gebed.

Goedgekeur op _____

_____
Voorsitter
Ds. Norma Rossouw

_____
Skriba
Ds. Nico van Rensburg